# Redaksioneel

## NUUS UIT DIE FAKULTEIT

Die redaksie verskaf graag die volgende inligting oor die personeelposisie in die Fakulteit Teologie (Afdeling A):

Die dekaan, prof BJ Engelbrecht, is met siekteverlof vanaf 10 September tot 10 Oktober 1984. Prof JP Oberholzer neem vir hierdie tydperk waar as dekaan.

Die *Departement Dogmatiek en Christelike Etiek,* waarvan prof BJ Engelbrecht die hoof is, maak gebruik van die dienste van twee hulpdosente, naamlik drr JH Koekemoer en DJ Smith. Tydens prof Engelbrecht se siekteverlof word sy lesings waargeneem deur drr GC Velthuysen en RM Naude, terwyl prof PJ van der Merwe as departementshoof optree.

Die *Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap* word beman deur prof PJ van der Merwe as dosent in en hoof van die departement. Hy word bygestaan deur twee hulpdosente in die persone van drr CJ Viljoen en DJC van Wyk. Prof Van der Merwe sal vanaf 1 April tot 30 September 1985 met studieverlof wees. Gedurende hierdie tyd sal sy lesings waargeneem word deur emeritus-professor FJ van Zyl, die voorganger van prof Van der Merwe, terwyl prof TFJ Dreyer as departementshoof sal optree.

Prof AD Pont is dosent in en hoof van die *Departement Kerkgeskiedenis.* Hy word in sy doseerwerk bygestaan deur 'n hulpdosent, ds JJ Steenkamp.

Die *Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap* se personeel bestaan uit prof GMM Pelser die hoof en prof AG van Aarde (medeprofessor) Prof JJ Engelbrecht is ook aan die Departement verbonde maar sy opdrag is die dosering van Bybelkunde in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Prof JP Oberholzer is dosent in en hoof van die *Departement Ou-Testamentiese Wetenskap.* Prof APB Breytenbach is as mede-professor en prof PM Venter as dosent in Bybelkunde (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte) aan die Departement verbonde. Prof WC van Wyk, die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, doseer ook enkele lesings in die Departement.

Die *Departement Praktiese Teologie* se hoof is prof TFJ Dreyer. Hy word bygestaan deur 'n hulpdosent in die persoon van dr MJ du P Beukes.

Prof GMM Pelser het gedurende Augustus drie oorsese kongresse bygewoon. Dit was die kongres van die *Society for Biblical Literature* in Strasbourg, die kongres van die *Studiorum Novi Testamenti Societas* te Basel en die kongres van die *Colloquim Biblicum Lovaniense* te Leuven. Prof Pelser het ook die geleentheid benut om met verskillende deskundiges op die gebied van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap kontak te maak en samesprekings te voer.

Die Fakulteit Teologie (Afdeling A) neem tweejaarliks deel aan opgrawings by die Bybelse stad Lagis. Die Universiteit van Pretoria het in dié verband 'n kontrak aangegaan met die Universiteit van Tel Aviv wat as toesighoudende instansie by die opgrawings betrokke is. Die tweede voorlopige verslag oor die opgrawingsresultate het pas verskyn. Prof David Ussishkin, die hoof van die projek, was verantwoordelik vir dié hoogstaande wetenskaplike publikasie.